Hoërskool Transvalia

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ..........................................

2019-02-21

**Oueromsendbrief no 2 van 2019**

Geagte Ouer / Voog

**PERSONALIA**
Baie geluk aan Me A van der Merwe (nou Me Venter) wat die afgelope naweek in die huwelik bevestig is. Baie geluk aan Me K Blume en haar eggenoot wat 'n dogtertjie ryker geword het. Baie welkom aan Mnr Strauss wat Me Blume se klasse waarneem.

**GEOUDITEURDE FINANSIëLE STATE VAN 2018**
U word uitgenooi na 'n ouervergadering op 11 Maart om 18:00 in die skoolsaal, waar die geouditeurde finansiële state van 2018 aan u voorgelê sal word.

**FINANSIES**
U word daaraan herinner dat u 10% korting kan kry op die jaar se skoolgeld indien u voor of op 28 Februarie betaal.

**ATLETIEK: NOORDVAAL INTERHOëR TE RUIMSIG OP 27 FEBRUARIE**
Baie sterkte aan 'n uitgesoekte groep atlete wat gaan deelneem. Busvervoer vir die atlete is gratis. Vir die res van die leerlinge is dit 'n normale skooldag. Die skool sal verdaag om 13:30.

**FOTODAG OP VRYDAG 1 MAART**
Leerlinge vanaf graad 8 tot 11 moet in gewone skooldrag geklee skool toe kom. Die graad 12 leerders moet in hulle matriekdrag geklee wees. Die individuele fotopakket kos R80.00. Betaal voor of op 26 Februarie. Geen foto's sal op skuld geneem word nie en geen laat inbetalings sal aanvaar word nie. Die volgende foto's sal geneem word : Individuele pakkette, klasfoto's, individuele foto's van die gr. 12's vir die jaarboek, LOR,VLR en die atletiekspan.

**OEFENTYE VIR MNR EN MEJ VALIA**
Neem kennis dat die finaliste vir die Mnr en Mej Valia vanaf 26 Februarie tussen 19:00 en 20:30 in die skoolsaal oefen.

**GELEENTHEDE VIR ASSESSERINGSOPDRAGTE**
Graad 12 leerders wat ‘n formele assessering misgeloop het, sal ‘n tweede geleentheid kry om dit te doen mits ‘n doktersbrief ingedien word.
Agterstallige assesseringstake vir Afrikaans gr 8-12 vind plaas op Woensdag 6 Maart om 14:30. Die lokaal sal afgekondig word.

**HANDBOEKE**

Leerders ontvang hierdie week ‘n handboeklys wat asb. deeglik gekontroleer moet word met die nommers van die boeke in die leerder se besit. Hierdie vorm moet deur die leerder en ouer onderteken word en teruggestuur word skool toe.

**VRAESTEL 3 OP 11 en 12 April**
Vraestel 3 vir die Junie-eksamen (Afrikaans en Engels) word alreeds op **11 en 12 April** geskryf. Hierdie vraestel is deel van die **eksamen**. Leerders moet asb onder geen omstandighede vir allerlei redes afwesig wees nie. Slegs ‘n doktersbrief sal aanvaar word, indien ‘n leerder afwesig sou wees op hierdie dae.

**GRAAD 9 ANTWOORDBRIEWE OP AANLEGTOETSE**
Alle graad 9-ouers moet asb dringend die antwoordbriefies terugstuur skool toe.

**GELUKWENSING : DEVON KLEYNHANS**
Devon was uitgenooi om die afgelope naweek in Rocco de Villiers se klavierkonsert in die Atterbury teater op te tree. Baie geluk Devon, ons is trots op jou !

**TENNIS : TOERNOOIPRESTASIES**
Baie geluk aan Eras Labuschagne wat die Gauteng-Noord Mini 1 toernooi gewen het.

**NETBAL : NETBALPROEWE**

Neem asb kennis van ‘n veranderde datum : Die D8 Netbalproewe (0/14 – 0/18) sal nou op 4 Maart plaasvind. Die ander datums is nog dieselfde soos in die huiswerkboekie aangedui.

Baie dankie aan elke leerder en hul ouers vir betrokkenheid by Transvalia.

………………………………………
J R Venske
Hoof